PRIVAATHEIDSBELEID (POPI)

Laerskool Oranje-Noord erken die belang daarvan om persoonlike inligting te beskerm, en onderskryf die beginsels in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies 25 van 2002 sowel as die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 ("POPI") en die Nasionale Onderwys Inligtingsbeleid kennisgewing 1950 van 2004, wat elkeen se reg waarborg om sy/haar persoonlike inligting privaat te hou. Met hierdie beleid verbind die Skool hom daartoe om aan POPI te voldoen.

Hierdie beleid is van toepassing op die insameling, gebruik en openbaarmaking van die persoonlike inligting van webtuistebesoekers/gebruikers wanneer hulle toegang tot die Skool se dienste bekom, sowel as op alle produkte, dienste, webtuistes en toepassings wat die Skool bied.

Die Skool omskryf persoonlike inligting as inhoud wat verband hou met 'n identifiseerbare, lewende, natuurlike persoon en, waar van toepassing, 'n identifiseerbare, bestaande regspersoon. Dít sluit in, dog strek ook verder as, identifiserende inligting soos:

- name en vanne;
- e-posadresse;
- straatadresse;
- selfoon- en ander foonnommers;
- identiteitsnommers en/of geboortedatums;
- persoonlike data wat aan die Skool verstrek of uit 'n aanlyn kwotasie bekom word; en
- data wat uit e-posnavrae of van 'n persoonlike fasiliteit bekom word.

Die Skool samel persoonlike inligting van die volgende erkende bronne in:

- U persoonlik
- Die dokumente wat ons aanvra en wat u voorsien
- Inligting wat in die openbaar beskikbaar is, waaronder hof- en tribunaalverslae en -uitsprake

Na gelang van die omstandighede, kan ons kies om nié inligting van sommige of enige van hierdie bronne in te samel nie.

POPI magtig die Skool om u persoonlike inligting vir regmatige doeleindes in te samel. Om persoonlike inligting te bekom/in te samel/te verwerk, tree die Skool as die "verantwoordelike party" namens u op deur toegang tot inligting te versoek.

Die Skool respekteer sy ouers, leerders, personeel en diensverskaffers se privaatheid en sal persoonlike inligting slegs gebruik waar dit in die gewone gang van sake vereis word om die produkte en dienste te lewer wat u versoek. Ons verwerk persoonlike inligting:

- om met u te kommunikeer oor algemene dienste waarin ons dink u dalk sal belang stel;
- om met u te kommunikeer oor die Skool -dienste of produkte waarin ons dink u dalk sal belang stel; en
- om u van bemarkingsmateriaal te voorsien wat die Skool se goedere of dienste adverteer, tensy u ons spesifiek vra om dit nié te doen nie.

Die Skool sal ook u persoonlike inligting gebruik om u identiteit te staaf wanneer u ons aanlyn kontak.

Deur indiening van'n papierafskrif van enige vorm, waarop persoonlike inligting aangebring is, gaan u akkoord met die insameling en verwerking van u besonderhede vir die regmatige doeleindes hierbo.

Waar u namens 'n derde party data indien, sal ons aanneem dat die derde party onomwonde ingestem het tot die voorsiening, verwerking en gebruik van sodanige inligting.

Die skool sal toesien dat al ons werknemers, derdepartydiensverskaffers en vennote (met inbegrip van hulle werknemers en derdepartydiensverskaffers) wat oor toegang tot u persoonlike inligting beskik, hulle aan toepaslike, regsbindende vertroulikheids- en niegebruiksooreenkomste onderwerp.

Die Skool verkoop of voorsien nie persoonlike inligting aan derde partye vir onafhanklike gebruik nie, en sal ook nie in die toekoms nie. Nietemin kan ons persoonlike inligting aan ons bedryfsvennote bekend maak indien sodanige inligting vereis word om die produk of diens te lewer wat u versoek. Die Skool se bedryfsvennote sal egter enige inligting slegs gebruik soos wat die Skool hulle versoek. Die skool sal sorg dat u persoonlike inligting beskerm word deur slegs ooreenkomste aan te gaan met derde partye wat oor hulle eie beleide vir POPI-voldoening beskik. Voldoening aan POPI verseker dat die persoonlike inligting wat u aan ons bekend maak, slegs vir die spesifieke regmatige doel gebruik word, wat ons namens u versoek.

Die skool bied aan u toegang tot u persoonlike inligting, sodat u hierdie besonderhede kan kontrolleer en/of byvoeg.

Ons heg waarde aan die inligting wat u kies om aan ons te voorsien, en sal dus redelike stappe doen om dit teen verlies, misbruik, inmenging, ongemagtigde toegang, ongemagtigde bekendmaking of ongemagtigde wysiging te beskerm.

Inligting met betrekking tot webtuistegebruikers of lede word in databanke met ingeboude veiligheidsmaatreëls gehou om privaatheid en vertroulikheid te verseker. Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, gebruik die Skool die jongste beskikbare tegnologie om enige ongemagtigde toegang tot u persoonlike inligting te voorkom wanneer u op ons webtuiste registreer of sake doen. Die skool sal u dadelik in kennis stel indien daar redelike gronde is om te glo dat u persoonlike inligting in die Skool se besit deur enige ongemagtigde persoon besigtig of bekom is.

Indien u so versoek, sal ons enige van en ál u persoonlike inligting in ons besit of onder ons beheer onverwyld aan u terugbesorg of vernietig. Die skool sal nie u persoonlike inligting vir 'n langer tydperk hou as waarvoor ons dit aanvanklik nodig kry nie, tensy die wet anders voorskryf of u daartoe ingestem het dat die skool sodanige inligting vir 'n langer tydperk hou.

Hoe om 'n klagte in te dien as ons versuim om aan POPI te voldoen

U kan 'n klagte indien:

- deur aan die skoolhoof of beheerliggaamvoorsitter te kontak by hoof@oranje-noord.co.za of 054 332 3776

Sodra die skool die klagte ontvang, sal ons skriftelik ontvangs erken. Na 'n gepaste ondersoek en so gou moontlik nadat 'n besluit geneem is, sal die skool u van 'n skriftelike uiteensetting van die besluit sowel as die redes daarvoor voorsien.

ONDERTEKEN TE ORANJE-NOORD OP HIERDIE 16 de DAG VAN FEBRUARIE 2022

.....
VOORSITTER VAN SKOOLBEHEERLIGGAAM

.....
SKOOLHOOF

PRIVAATHEIDSBELEID [POPI]

LEERDERINLIGTING :

NAAM EN VAN :.....

GRAAD EN KLAS [bv. 7A] :.....

OUER/VOOG SE INLIGTING :

NAAM EN VAN :.....

ADRES : .....

.....

.....

TEL.NR : .....

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG :.....

DATUM :.....

Merk asseblief u keuse met 'n kruisie in die toepaslike blokkie :

Ek gee toestemming. ☐

Ek gee nie toestemming nie. ☐

Voltooi die vorm en stuur terug aan u kind se klasonderwyser.